Ontmoeting 8

Josia
'n Koning/leier na God se wil

Leiers wat vir God volg, probeer alles in hul vermoë om Hom te gehoorsaam en ander te help om dit ook te doen.
Teks: 2 Konings 22 en 23

Hulpmiddels:

- Blinddoeke
- 10 leë botter- of jogurtbakkies wat aan die onderkant van 1 tot 10 gemerk is
- 10 dele van die verhaal kronologies in die bakkies
- Vir die boekrolle: Sosatiestokkies en die geloofsbelydenis gedruk op A4
- Penne
- Karton vir krone
- Krammasjien
- Plakkers en blinkers
- Skêre

WELKOM

Die kinders verdeel in pare. Baken speelareas (vierkant of sirkels) af waarbinne 3 pare saam die speletjie kan speel. Laat die kinders twee-twee buite die afgebakende area staan. Een maat word geblinddoek en moet een van sy skoene uittrek. Die maat wat nie geblinddoek is nie, gaan plaas die skoen êrens in die speelarea en kom terug. Sodra jy 'n teken gee, kan die kind wat geblinddoek is in die speelarea inbeweeg om sy skoen te soek. Die maat wat nie geblinddoek is nie, moet buite die speelarea bly en aanwysings gee. Byvoorbeeld: loop drie treë vorentoe, draai regs, ensovoorts. Sodra die skoen gevind is, word die blinddoek afgehaal en kan die kinders rolle ruil.

Vra die volgende vrae na afloop van die speletjie:

1. Sou jy eerder 'n leier wou wees wat mense help om te weet wat om te doen of 'n navolger wat doen wat die leier sê? Hoekom?
2. Hoe moet 'n goeie leier wees? Hoe kan leiers jou help om beter vir God te leef?
3. Hoe oud dink jy moet jy wees voor God jou as 'n leier kan gebruik?

WOORD

Neem 10 leë botter- of joghurtbakkies en nommer hulle aan die onderkant van 1-10. Roep een kind vorentoe en gee 30 sekondes vir die kind om al die bakkies op mekaar te stapel. Roep 'n volgende kind vorentoe en gee die kind 30 sekondes om dit af te breek.

Gee geleentheid vir 'n ander kind om in 20 sekondes weer die stapel bakkies opmekaar te sit. 'n Volgende kind kry nou die geleentheid om in 20 sekondes die stapel af te breek.

Doen dieselfde as bo, maar gee slegs 10 sekondes.

Ons het nou gesien dis baie makliker om dinge af te breek. Soos julle gesien het, het dit vinniger gevat om die stapel om te stamp as om hom op te bou. Die persoon wat dinge afbreek, is egter nie altyd 'n gewilde persoon nie, maar as hy afgebreek het, moet hy ook weer opbou. Om die regte goed op te bou, vat baie moed en tyd.

Daar was 'n seun in die Bybelse tyd wat verkeerde goed moes afbreek en die mense moes leer om die regte goed te doen. Sy naam was Josia en sy storie is binne-in hierdie bakkies. Kom ons maak die bakkies een vir een oop en hoor wat hy moes doen.

Bakkie 1

Koning Amon was 'n slegte koning wat verkeerd gedoen het in die oë van die Here. Sy eie dienaars het hom in sy paleis laat doodmaak. Daarna het sy seun, Josia, hom opgevolg. Josia was maar net 8 jaar oud toe hy die koning van Israel geword het.

Bakkie 2

Al was Josia so jonk het hy gedoen wat vir die Here reg was. Hy het die goeie voorbeeld van koning Dawid gevolg en nie sy pa Amon se slegte voorbeeld nie.

Bakkie 3

Die tempel was nog al die jare stukkend nadat Koning Nebukadneser van Babilon dit in die oorlog verwoes het. Na

18 jaar het koning Josia die staatsekretaris, Safan, na die tempel van die Here gestuur. Hy moes gaan tel hoeveel geld die poortwagters ingesamel het. Daardie geld moes gebruik word om werkers te betaal wat die tempel moes herstel.

Bakkie 4

Terwyl hulle die tempel skoonmaak, het Gilkija, die hoëpriester, 'n baie spesiale boekrol onder die rommel gekry. Dit was die wetboek. Hy het dit vir Safan gegee om te lees. Safan het dadelik met die boekrol na koning Josia toe gegaan.

Bakkie 5

Safan het die wet van die Here wat in die boekrol geskryf was aan koning Josia voorgelees. Toe die koning hoor wat die Here gesê het, het hy sy klere geskeur en gehuil. Josia het besef dat hulle glad nie geleef het soos die Here gevra het nie.

Bakkie 6

Josia roep toe al die mense van Juda en die mense wat in Jerusalem gebly het, die priesters en die profete, grootmense en kinders, na die tempel toe. Daar het hy self die boekrol vir hulle voorgelees.

Bakkie 7

Josia het toe besluit dat hulle weer alles wat in die boekrol staan, sal gehoorsaam. Josia het beveel dat alles wat vir die afgode gemaak en gebou is, dadelik afgebreek moes word.

Bakkie 8

Toe het Josia die volk beveel: "Kom vier nou die Paasfees van die Here julle God soos dit in hierdie boek van die verbond beskryf is." Paasfees is die fees wat die Israeliete gevier het om te onthou hoe God die volk uit Egipte bevry het. Hierdie Paasfees is gevier gedurende die agtiende jaar van koning Josia se regering in Jerusalem.

Bakkie 9

Voor Josia was daar nie nog 'n koning wat hom tot die Here gewy het soos hy nie, en na hom was daar ook nie weer 'n koning soos hy nie. Baie konings het goed laat maak en gebou wat God se hart seergemaak het en hulle het geleef asof God nie bestaan het nie.

Bakkie 10

Josia het al die verkeerde goed afgebreek en die tempel weer opgebou. Vir Josia was dit belangrik dat die mense weer sal leef soos God van hulle vra.

Wie sou kon dink 'n seun van 8 jaar oud sou koning word en dan so 'n goeie koning wees?

God kan jou ook gebruik om 'n verskil te maak in die lewens van mense wat hom nie ken nie.

Die kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder wat was vir jou mooi in die verhaal.
2. Ek wonder wat was vir jou die belangrikste ding wat koning Josia gedoen het .
3. Ek wonder wat jy vandag sou kon doen om mense te help om God te gehoorsaam.

WYDING

Temalied: Jesus roep die kindertjies (Lied 294)

Stilword-ritueel:

Gee tyd vir die kinders om te dink wie die leiers in hulle lewe is sodat hulle die leiers aan die Here kan opdra in gebed.

Die kinders kan ook die geleentheid kry om hulle eie lewe in gebed voor die Here te bring.

Doen die geloofsbelydenis vir kinders.

WERSKAF

- Elke kind maak 'n boekrol met die geloofsbelydenis. Kopieer vir elke kind 'n geloofsbelydenis. Plak 'n sosatie stokkie bo en onder aan die geloofsbelydenis vas met kleeflint. Rol die papier met beide sosatie stokkies op.
- Skryf 5 reëls wat jy vir jou koninkryk sal voorskryf as jy koning was.
- Elke kind kan sy eie geloofsbelydenis skryf en voor in sy Bybel sit.
- Vir kleiner kinders: Maak 'n kroon uit karton en versier dit. Neem 'n karton en sny dit zig-zag in die lengte deur. Versier eers die kroon met plakkers en blinkers en kram dit dan vas sodat dit om elke kind se kop pas.

Sluit af met dié seënbede:

God sal jou help om ander te lei om Hom beter te dien.

Geloofsbelydenis vir kinders

Ek glo dat die Bybel die Woord van God is.

Ek glo dat God, die Vader, alles gemaak het.

Ek glo dat God my liefhet.

Ek glo dat Jesus Christus die Seun van God is.

Ek glo dat die Here Jesus vir my sondes aan die kruis gesterf het.

Ek glo dat die Here Jesus opgestaan het uit die graf en opgevaar het na die hemel.

Ek glo dat Hy eendag weer sal kom om my te kom haal.

Ek glo dat die Heilige Gees gekom het om in my te kom woon.

Ek het die Here Jesus Christus lief.

Amen